**Sondag, 20 Oktober 2024**

**Jesus sien die sondaar raak…**

*"Toe Jesus by die plek kom, kyk Hy op en sê vir hom: 'Saggeus, maak gou en klim af, want Ek moet vandag in jou huis oorbly.' …*
*Jesus het vir hom gesê: 'Vandag het daar verlossing vir hierdie huis gekom, want ook hy is 'n seun van Abraham. Die Seun van die Mens het gekom om diegene wat verlore is, te soek en te verlos.'"*
(Lukas 19:5 en 10)

Hoe kyk ons? Wat sien ons wanneer ons na mekaar kyk? Kyk ons oordelend na mekaar of kyk ons met ontferming?

Weens sy gierigheid was Saggeus en sy huis geïsoleer en gemarginaliseer in die gemeenskap. Saggeus was vervreem van sy mense. Daarom kon hy nie maar net voor in die straat gaan staan om Jesus te sien nie. Hy moes in die boom klim. Die godsdienstige mense het hom as 'n sondaar beskou en hom en sy huis vermy.

Maar Jesus sien vir Saggeus raak, roep hom op sy naam en nooi Homself na sy huis. Was die skare nie ontsteld nie! Hulle maak luidrugtig en met allerlei beledigende opmerkings beswaar as hulle sê: "Hy gaan by 'n sondige man tuis!" Volgens hulle was God se genade net vir sekere mense bedoel. Beslis nie vir die randfigure van die samelewing na wie Jesus uitgereik het nie. Hulle was so vasgevang in hulle eie leefwêreld en denkpatrone, dat enige optrede van Jesus buite-om dit, vir hulle geheel en al ondenkbaar en onaanvaarbaar was. Jesus kyk met ontferming na Saggeus. Jesus sien vir Saggeus. Alhoewel dit Saggeus is wat eintlik vir Jesus wou sien, is dit uiteindelik Jesus wat Saggeus raaksien!

Jesus sien ons almal raak… en ons kry genade op genade… soos Saggeus… soos 'n jong kind, die tiener, 'n student, 'n pa en ma, soos 'n oupa en ouma wat soms alleen in die vyeboom wil wegkruip, soekend na oë wat hulle raaksien… en wat die moeg vir die lewe en die gesukkel verstaan. As Jesus vandag so voor jou en my kom stilstaan soos wat Hy by Saggeus stilgestaan het, waar sal Hy ons vind? Ook in 'n boom?

Jesus sien vir Saggeus raak. Hy prys nie Saggeus vir sy berou, of sy geloof nie. Hy spreek bloot seën uit, seën nie gebaseer op enigiets wat Saggeus gedoen het nie, maar bloot omdat hy, soos diegene wat om hom brom, 'n Israeliet is, 'n seun van Abraham, 'n kind van God.

**Ds. Janke Hurter**

Hartlik welkom by ons eredienste vanoggend, gelei deur ds. Janke Hurter en ons orrelis, dr. Johan Cromhout, in die kerk; gesinsdiens in die saal deur ds. Johan Marias. Welkom aan alle besoekers en diegene wat via ons webblad, op *Facebook* en op Berg-en-Dal se *You Tube*-kanaal by die erediens inskakel.
Ons nooi almal uit om ná die erediens 'n koppie koffie of tee in die binnehof te kom geniet.

## Liturgie

**Verwelkoming**

**Aansteek van wydingskers**

**Wydingslied:** Lied 157:1 & 2 Here Jesus, ons is saam

**Votum:** Psalm 46

**Seëngroet**

**Lofprysing:** Lied 205:1, 2 & 3 Bring lof aan die Vader

**Wet:**

Liturg: Wat is die grootste en eerste gebod?
**Gemeente: Jy moet die Here jou God liefhê**
**met jou hele hart en jou hele siel en met jou hele verstand.**
Liturg: Wat is die tweede gebod wat hiermee gelyk staan?
**Gemeente: Jy moet jou naaste lief hê soos jouself**.
Liturg: Wat beteken dit?
**Gemeente: Liefde is die vervulling van die wet.**
Liturg: Waartoe roep dit ons?
**Gemeente: Tot 'n lewe van geloof waar ons in liefde optree.**

**Skuldbelydenis:** Lied 235:1 & 2 Voor u wet, Heer, staan ons skuldig

**Genadeverkondiging:** 1 Timoteus 1:15

**Geloofsbelydenis:** Apostoliese geloofsbelydenis

**Danklied:** Lied 292:1 & 2 My enigste troos

**Epiklesegebed**

**Skriflesing en verkondiging:** Lukas 19:1-10
Jesus sien die sondaar raak

**Gebed**

**Gebedslied:** Lied 266 Ons Vader wat woon in die hemel

**Offergawes**

**Slotlied:** Lied 510:1, 2, 3 & 4 Genade onbeskryflik groot

**Seënbede**

**Amen.**

**Ander Eredienste:**

| | |
|---|---|
| Sondag, 20 Okt | 15:00 – Teol. Std. Steve Popane (Sothodiens) |
| | 18:00 – Ds. Jan Lubbe: *Diens van Woord, stilte en gebed* (Taizé) |
| Saterdag, 26 Okt | 19:00 – Di. Johan Marais en Janke Hurter: Belydenis van geloof 2024. |
| Sondag, 27 Okt | 09:30 – Di. Johan Marais en Janke Hurter (Nagmaal); gesinsdiens in saal – teol.std. Sarahné Dreyer. |

| | |
|---|---|
| | 15:00 – Teol. Std. Steve Popane (Sothodiens: Nagmaal)<br>18:00 – Ds. Janke Hurter. Ons gebruiklike gesamentlike diens met die GKSA Bloemfontein-Noord ter herdenking van die Reformasie. ‘n Kort geselligheid ná die tyd in die binnehof/Jeugkamer – almal welkom! |

## MEELEWING EN VOORBIDDING

Ons hartlike gelukwense aan almal wat vandag en in die komende week verjaar:

| | |
|---|---|
| 20 Okt | Suzanne Boonzaaier, Johanna van Jaarsveld en Jaco van Niekerk. |
| 21 Okt | Natalie du Preez en Catherien van der Westhuizen. |
| 22 Okt | Reginald Barry, Jankie Botha, Maryna Krog, Wilma Laux, Liam Lombaard, Petrus Marais, Jan van Rooyen en Lizanne Vermeulen. |
| 23 Okt | Markus Breytenbach en Saneli Jonker. |
| 24 Okt | Philip du Preez, Hanlo Henning, Petri Henning en Dirk Joubert. |
| 25 Okt | Gerhard Coetzer, Karen Herbert, Rita Kok, Alwyn Smith en Caty Maré. |
| 26 Okt | Johan Botha, Chris de Wet en Rika Marx. |

Ons gebede gaan uit na almal wat siek is, in hospitale of tuis aansterk: Joanita Rossouw (Ray Championweg 8A, wyk 12a); Nelia Oosthuyzen (Serenitas 37, wyk 15a); Thea Botha (Santé Aftreeoord 104, wyk 18b); Dirk van Zyl (Ryk Tulbachstr. 37, wyk 19b); Martin Coetzee (Winterstr. 4, wyk 6b); Jan-Albert van den Berg (Visarendvallei 33b, wyk 12b); Wynand Retief (Serenitas 96, wyk 15a); Maryna Spies (Mockestr. 6, wyk 9b); Sheila Prinsloo (Serenitas 160; wyk 15b); Henette Marais (Santé Aftreeoord 127, wyk 18b); Yvonne du Toit (Flemmingpark D5, wyk 14); Tannie Barbara Henzen (Serenitas 12, wyk 15a) en Tannie Erna Gouws (Serenicare, wyk 15a).

**Sien ook ons ingeslote Gebedsbrief – laat ons só meeleef en vir mekaar intree.**

## BYBELSTUDIES, KLEINGROEPE EN GEBEDSAKSIES

Sondagoggende (08:30) bid ‘n groep lidmate vir ons eredienste in Berg-en-Dal en vir die Woordverkondiging wêreldwyd; jy kan tuis óf by die kerk saam kom bid.

Woensdagaand-Bybelstudiegroep (19:00) – in die konsistorie “*’n Dankbare lewe”* (uit die Heidelbergse Kategismus oor die “Onse Vader”-gebed). Indien jy wil inskakel, kontak ds. Jan Lubbe (082 784 9362).

Woensdagaand ‘Lighthouse’-Bybelstudiegroep vir jongmense 19 tot 30: Om in te skakel en vir meer besonderhede, kontak ds. Janke Hurter (078 894 9166).

Donderdagoggend-Bybelstudiegroep (09:00) in die Konsistorie: *“In Jesus se voetspore”* (uit die Evangelies). Kontak ds. Johan Marais (084 517 8052) om in te skakel.

## KERKRAADSAKE

Vir Pastorale Sorg:

As leraars en ouderlinge wil ons lidmate graag bystaan en bemoedig in tye van swaarkry of net saam bly wees oor goeie nuus in jou lewe...
Kontak gerus ds. Johan Marais (084-517-8052) wat ons pastorale werk koördineer of maak ‘n afspraak met een van ons leraars.

‘n Hele aantal van ons kerkraadslede se termyne eindig in November en ons is in die proses om na leiers in daardie wyke en bedieninge te soek: Wil jy dit nie oorweeg en as

die Here jou roep om as ouderling, diaken of in ‘n bediening te help, die leraars kontak en jouself beskikbaar stel nie?

**Gasvryheidsbeurte & Sorg-en-omgee:**
In Oktober sorg **Wyke 17** (Noorderbloem en buurt) en **13** (Verre Weste) vir ons gasvryheid Sondae met tee en koffie in die binnehof, en Vrydagaande se ete na Anchor of Hope Shelter. Dankie vir almal se bydraes. Indien jy graag ook hiermee wil help, kontak die Kerkkantoor (073 180 3193).

## BEDIENINGE

**BEDIENINGE:**
Jy word genooi om een van ons laaste bedieningsvergaderings vir 2024 te kom bywoon, en saam te beplan vir die kwartaal en volgende jaar:

| | |
|---|---|
| **Getuienis- en Barmhartigheid:** | Maandag, 21/10 om 17:30 |
| **Kommitee vir Diensverhoudinge:** | Maandag, 04/11 om 17:30 |
| **Bestuursraad Vergadering:** | Maandag, 11/11 om 18:00 |

**GEMEENTEBEDIENING:**
**Vroukomitee: Dankie-sê**
Oktober is tyd vir dankie-sê; koevertjies is by die deure beskikbaar, by die Vrouekomitee en in die kerkkantoor. Langs hierdie weg maak vroue ‘n verskil op plekke waar daar nood is... En, dagboek solank 21-23 Februarie 2025 vir die **NG Kerk Vrystaat Vrouekonferensie** te Amanzi met prof Stephan Joubert...

**JEUGBEDIENING:**
**Jongspan (Voorskools tot Gr 4):** Kom ry saam treintjies by Modensopark op Sondag, 20 Oktober 2024 vanaf 15:00 – 16:00. Ouers is welkom om saam piekniek te kom hou. Laat weet vir ds. Janke Hurter indien jul wil saamgaan (078-894-9166).

### EREDIENSKOLLEKTE: ‘n LIEFDESGAWE

Die eredienskollekte op ‘n Sondagoggend en -aand, is ‘n liefdesgawe uit dankbaarheid vir God se sorg en seën. Ons gee ‘n tiende daarvan (10%) ter ondersteuning van die genoemde sinodale werksaamheid of ander instansie/projek vir die betrokke Sondag – vanoggend, <u>20 Oktober</u>: **Vennootskap Lesotho.**
U kan ‘n kollekte of dankoffer via die internet (eft) of per snapscan (hiernaas) na Berg-en-Dal oorbetaal – **ABSA Tjekrek. 470-580-011 (Takkode: 632005).**
**Wanneer u ‘n bankinbetaling/eft maak, vermeld asb. duidelik u naam & waarvoor dit is!**

SnapScan

Ons is dankbaar dat dit met ons gemeente se Geldsake goed gaan – ons sal in die volgende maand hieroor vir u terugvoer gee. Dankie aan almal vir elke bydrae.

## ANDER

**‘n Betroubare Tuin- en huishulp** is opsoek na werk eenmaal per week op Donderdae. Kontak Louise Cilliers 083 459 0896 vir meer inligting.